*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* | *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 10c Price**
**Oorsee 15c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

Vol. 45.] KAAPSTAD, 5 MAART 1969. CAPE TOWN, 5TH MARCH, 1969. [No. 2287.


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 271. 5 Maart 1969.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 1 van 1969: Wysigingswet op die Suiwelnywerheid, 1969.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 271. 5th March, 1969.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 1 of 1969: Dairy Industry Amendment Act, 1969.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# ACT

**To amend the provisions of the Dairy Industry Act, 1961, relating to the cancellation of the registration of a margarine factory, the control of the manufacture of margarine, and the powers of inspectors with regard to certain books and documents; and to provide for matters incidental thereto.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 27th February*, 1969.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 4 of Act 30 of 1961, and of section 6 of that Act as amended by section 3 of Act 34 of 1965.

**1.** Sections 4 and 6 of the Dairy Industry Act, 1961 (hereinafter referred to as the principal Act), are hereby amended by the deletion in subsection (3) (*b*) of the former section and in subsection (1) of the latter section of the expression "subsection (1) of".

Substitution o section 8 of Act 30 of 1961.

**2.** The following section is hereby substituted for section 8 of the principal Act:

"Cancellation of registration of a margarine factory.

**8.** The Minister may in his discretion cancel the registration of any premises as a margarine factory if the owner thereof contravenes or fails to comply with any condition attached under section 4 (3) (*a*) to such registration, or if the quantity of margarine manufactured in that factory under the authority of a permit referred to in section 14 (1) during the period for which the permit in question is in terms of section 14 (2) valid after the issue or a renewal thereof, exceeds the quantity which may be manufactured during the period in question under the authority of that permit in terms of a condition imposed under section 14 (3) and specified in that permit.".

Amendment of section 11 of Act 30 of 1961, as amended by section 5 of Act 34 of 1965.

**3.** Section 11 of the principal Act is hereby amended by the deletion in subsection (1) of the word "and" immediately preceding paragraph (*e*) and by the addition to that subsection of the following paragraph:

"(*f*) seize any books and documents which he may examine under paragraph (*e*) and which may afford evidence of a contravention of the provisions of this Act.".

Substitution of section 14 of Act 30 of 1961.

**4.** The following section is hereby substituted for section 14 of the principal Act:

"Prohibition of the manufacture of

**14.** (1) No person shall manufacture margarine except under the authority of a permit granted under subsection (3), or manufacture margarine

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# WET

**Tot wysiging van die bepalings van die Wet op die Suiwelnywerheid, 1961, met betrekking tot die intrekking van die registrasie van 'n margarienfabriek, die beheer oor die vervaardiging van margarien, en die bevoegdhede van inspekteurs ten aansien van sekere boeke en dokumente; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 27 *Februarie* 1969.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 4 van Wet 30 van 1961, en van artikel 6 van daardie Wet soos gewysig deur artikel 3 van Wet 34 van 1965.

**1.** Artikels 4 en 6 van die Wet op die Suiwelnywerheid, 1961 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur in subartikel (3) (*b*) van eersgenoemde artikel en in subartikel (1) van laasgenoemde artikel die uitdrukking „sub-artikel (1) van" te skrap.

Vervanging van artikel 8 van Wet 30 van 1961.

**2.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Intrekking van registrasie van 'n margarienfabriek.

**8.** Die Minister kan na goeddunke die registrasie van 'n perseel as 'n margarienfabriek intrek indien die eienaar daarvan 'n voorwaarde wat aan sodanige registrasie kragtens artikel 4 (3) (*a*) geheg is, oortree of versuim om daaraan te voldoen, of indien die hoeveelheid margarien uit hoofde van 'n in artikel 14 (1) bedoelde permit in daardie fabriek vervaardig gedurende die tydperk waarvoor die betrokke permit ingevolge artikel 14 (2) geldig is na die uitreiking of 'n hernuwing daarvan, die hoeveelheid oorskry wat uit hoofde van daardie permit gedurende die betrokke tydperk vervaardig kan word ingevolge 'n voorwaarde kragtens artikel 14 (3) opgelê en in dié permit vermeld.".

Wysiging van artikel 11 van Wet 30 van 1961, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 34 van 1965.

**3.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woord „en" wat paragraaf (*e*) onmiddellik voorafgaan, te skrap en deur die volgende paragraaf by daardie subartikel te voeg:

„(*f*) beslag lê op boeke en dokumente wat hy kragtens paragraaf (*e*) kan ondersoek en wat bewys kan lewer van 'n oortreding van die bepalings van hierdie Wet.".

Vervanging van artikel 14 van Wet 30 van 1961.

**4.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verbod op die vervaardiging van

**14.** (1) Niemand mag margarien vervaardig nie behalwe uit hoofde van 'n permit kragtens subartikel (3) toegestaan, of margarien anders vervaardig nie

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



margarine except under a permit.

otherwise than in accordance with the conditions (if any) imposed under that subsection and specified in such permit.

(2) Any such permit shall lapse on the thirtieth day of June following the date of the issue thereof but may be renewed annually with effect from the first day of July in accordance with the provisions of subsection (3).

(3) The Minister may in his discretion, after consultation with the board—

(*a*) grant or refuse any application for the issue or renewal of a permit for the manufacture of margarine;

(*b*) impose such conditions as he may deem fit on the manufacture of margarine under the authority of such permit, including a condition relating to the quantity of margarine which may be manufactured under the authority of the permit in question during the period for which it is in terms of subsection (2) valid after the issue or a renewal thereof;

(*c*) when granting an application for the renewal of any such permit, alter or cancel any condition specified therein, or impose a new condition;

(*d*) cancel any such permit at any time if the holder thereof, or any person manufacturing margarine under the authority thereof, contravenes or fails to comply with a condition specified therein.".

Amendment of section 23 of Act 30 of 1961, as amended by section 10 of Act 34 of 1965.

**5.** Section 23 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*c*) of the following paragraph:

"(*c*) contravenes or fails to comply with any provision of section 14 (1) or any condition attached to the registration of a margarine factory in terms of section 4 (3) (*a*), or".

Short title and commencement.

**6.** This Act shall be called the Dairy Industry Amendment Act, 1969, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



margarien behalwe kragtens 'n permit.

as ooreenkomstig die voorwaardes (indien daar is) kragtens daardie subartikel opgelê en in daardie permit vermeld.

(2) So 'n permit verval op die dertigste dag van Junie wat op die datum van die uitreiking daarvan volg, maar kan jaarliks met ingang van die eerste dag van Julie hernuwe word volgens voorskrif van subartikel (3).

(3) Die Minister kan na goeddunke, ná oorlegpleging met die raad—

(*a*) 'n aansoek om die uitreiking of die hernuwing van 'n permit vir die vervaardiging van margarien toestaan of weier;

(*b*) die vervaardiging van margarien uit hoofde van sodanige permit onderworpe stel aan dié voorwaardes wat hy goedvind, met inbegrip van 'n voorwaarde betreffende die hoeveelheid margarien wat uit hoofde van die betrokke permit vervaardig kan word gedurende die tydperk waarvoor dit ingevolge subartikel (2) geldig is na die uitreiking of 'n hernuwing daarvan;

(*c*) wanneer hy 'n aansoek om die hernuwing van so 'n permit toestaan, 'n daarin vermelde voorwaarde wysig of intrek of 'n nuwe voorwaarde oplê;

(*d*) so 'n permit te eniger tyd intrek indien die houer daarvan, of iemand anders wat margarien uit hoofde daarvan vervaardig, 'n daarin vermelde voorwaarde oortree of versuim om daaraan te voldoen.".

Wysiging van artikel 23 van Wet 30 van 1961, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 34 van 1965.

**5.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*c*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*c*) 'n bepaling van artikel 14 (1) of 'n voorwaarde wat aan die registrasie van 'n margarienfabriek ingevolge artikel 4 (3) (*a*) geheg is, oortree of versuim om daaraan te voldoen, of".

Kort titel en inwerkingtreding.

**6.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Suiwelnywerheid, 1969, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.